CREMHOG se algemene bestuurder, Andre Olivier, reageer op die moontlike herroeping van die raad se besluit oor die verhuring van grond vir ‘n skuiling vir haweloses:

1. Cremhog is geskok en uiters teleurgesteld dat die Raad so 'n voorstel sal oorweeg sonder enige behoorlike konsultasie en terugvoer aan CREMHOG self;
2. CREMHOG het aan die Raadsvereistes in die besluit van 2017 voldoen en geen amptelike terugvoer van Administrasie of Raadslid ontvang oor moontlike herroeping van besluit nie;
3. CREMHOG het waarborge en besigheidsplan en ondernemimg aan Administrasie verskaf en geen korrespondensie ontvang oor enige tekortkominge nie;

**Terugvoer van CREMHOG:**

1. Soortgelyke dienste as Nagskuiling:
CREMHOG het uiterste respek en waardering vir die werk wat die Nagskuiling doen en werk in spesifieke gevalle goed saam met die Nagskuiling. CREMHOG se diens is egter fundamenteel verskillend tov wat die Nagskuiling doen. CREMHOG sal mense vir 4-6 maande permanent van die straat verwyder, 'n persoonlik toegespitste, gestruktureerde program met die kliente doen en persoonlike uitkomste vir elke inwoner uitvoer. CREMHOG se program sluit evaluerings, professionele dienste, opleiding in en beoog om aan die einde aan elke persoon 'n roete weg van die straat te bied. Dwelmmisbruik en afhanklikheid sal hanteer word as deel van die program binne vermoens tot ons beskikking. Dwelmmisbruik sal nie as sodanig 'n diskwalifilkasie wees nie.

2. Getal mense vir Sentrum. CREMHOG het van die begin af aangedui dat daar 'n maksimum van 42 persone gehuisves sal word. Die Munisipaliteit werk dalk op 'n aanname van 12 jaar gelede, maar het NOOIT die kapasiteit van die Sentrum met CREMHOG opgeneem nie. Die erf, na hersonering, bied beperkte ruimte vir die oprig van akkommodasie in elk geval. 'n Terreinplan van Sentrum is aan die Munisipaliteit gelewer.

3. Hoeveelheid personeel. Die Raadsbesluit maak voorsiening vir die ontwikkeling van die Sentrum in fases. In die aanvangsfase, waar kapasiteit nog nie maksimaal sal wees nie, word met 'n basis van 4 personeel begin. Daar sal ook gebruik gemaak word van verskeie professionele dienste wat gelewer sal word as gemeenskapsdienste. Dit sal toeneem soos optimale kapasiteit opgeneem word.

4. Fondse vir die Sentrum. CREMHOG het waarborge vir die oprigting van die Sentrum gelewer, CREMHOG het 'n onderneming aan die Administrasie gegee oor die dekking van inkomste vir operasionele kostes.. Dit is so dat CREMHOG sal deeglik ook op donasies staatmaak. Omdat CREMHOG egter nog geen kontrak met die Munisipaliteit het nie, en die Munisipaliteit nie 'n sent to die Sentrum sal bydrae nie en daar nog niks gedoen kon word om die Sentrum te maak staan nie, kon daar nog nie vir subsidie of enige ander finansiering aangeklop word nie ,terwyl ons nog nie eens 'n huurkontrak vir die grond het nie.

CREMHOG is diep teleurgesteld in die werkswyse van verteenwoordigers van die Raad, van swak kommunikasie, geen konsultasie en optrede wat nie tot die aanspreek van die Hawelose-vermindering in George sal lei nie. Na 18 maande sedert die besluit, is dit 'n hartseerdag vir George, sou die Raad op sy vorige besluit teruggaan en plaas dit die Haweloses in George nog 'n winter onder die elemente en op straat, terwyl die Raad 'n gewillige en vermoeende vennoot tot hulle beskikking het.